
7. MASSA, VOLUME & DIGTHEID – WERKKAART


MEMORANDUM


VRAAG 1:

1.1 dm^{-3} (✓)of m^{-3}. (✓) (2)

1.2







VASTESTOF(✓) **VLOEISTOF**(✓) **GAS**(✓)

1.3 $g.dm^{-3}$ of $kg.m^{-3}$. (✓) (1)

1.4 Die digtheid van ys is minder as die digtheid van water. (✓) (1)

[7]

VRAAG 2:

2.1 Poeier (✓)of skuim. (✓) (2)

2.2 Olie dryf op water. (✓✓) (2)

2.3 Vibreer. (✓✓) (2)

2.4 Die molekules/atome se temperatuur neem toe. (✓) Dus neem die molekules/atome se kinetiese energie toe en die molekules/atome begin al vinniger beweeg soos die temperatuur toeneem. (✓) Die temperatuur sal toeneem totdat die vloeistof kook. (✓) (3)

2.5 Die deeltjies van ‘n vloeistof is sigbaar en die van ‘n gas nie. (✓) Die deeltjies van ‘n vloeistof beweeg stadiger as die van ‘n gas. (✓)Dus het die vloeistof minder kinetiese energie as die van ‘n gas. (✓)Die volume van ‘n gas is groter as die van ‘n vloeistof. (✓) (4)

2.6 Verloor volume (krimp in). (✓) (1)

2.7 Die volume sal uitsit(✓) totdat dit omgeskakel word in ‘n vloeistof. (✓) (2)

2.8 Treinspoor. (✓) Daar is gapings tussen die ysterstawe sodat die ysterstawe in die somer kan uitsit.(✓) (2)

[18]

VRAAG 3:

3.1 Druk word uitgeoefen as gevolg van die botsings tussen deeltjies. (✓) Gas sal druk op 'n houer uitoefen wanneer die deeltjies teen mekaar en teen die wand van die houer waarin die gas is, bots.(✓) (2)

3.2 Verklein die volume van die houer (✓)of verhoog die temperatuur van die gas in die houer.(✓) (2)

3.3.1 Deeltjies sal die vorm van die houer aanneem en sal na 'n vloeistof of vastestof verander as die aantrekkingskragte tussen die deeltjies sterk genoeg is. (✓) Die volume van die stof is egter kleiner, want die deeltjies sal nader aanmekaar wees en sal minder rondbeweeg. (✓) Die druk sal verlaag asook die temperatuur sal verlaag. (✓) (3)

3.3.2 Die deeltjies sal verder uitmekaar beweeg. (✓) Die druk op die houer sal verhoog. (✓)Deeltjies sal vinniger beweeg en die temperatuur sal styg. (✓) (3)

3.4.1 Die kragte tussen die deeltjies is baie groot in 'n vaste stof. (✓)
In vloeistowwe is die kragte tussen die deeltjies kleiner. (✓)
In gasse is die kragte tussen die deeltjies die swakste. (✓) (3)

3.4.2 Vaste stowwe: byna geen beweging nie. Die deeltjies vibreer in een posisie. (✓)
Vloeistowwe se beweging is meer vrylik en molekules gly oor mekaar. (✓)
Gasse se molekules beweeg vrylik rond. (✓) (3)

3.4.3 Vaste stowwe: ruimtes tussen deeltjies is baie klein. (✓)
Vloeistowwe: ruimtes tussen deeltjies is groter. (✓)
Gasse: deeltjies is baie ver uitmekaar. (✓) (3)

3.5 Die atmosferiese druk in Kaapstad is baie hoër as in Johannesburg. (✓) Dus sal die druk op die bal baie hoër wees. Die bal moet dus baie stywer gepomp word. (✓) (2)


[21]

VRAAG 4:


4.1 Massa is die hoeveelheid materie waaruit 'n stof bestaan. (✓✓) (2)

4.2 Sit die onreëlmatige voorwerp in 'n maatbeker wat groot genoeg is. (✓) Gooi water in 'n maatbeker, genoeg water dat hulle die voorwerp sal bedek. (✓) Meet die volume van die water. Meet nou die volume van die onreëlmatige voorwerp en die water. Haal die voorwerp uit die maatbeker en meet nou die volume van die water. Trek die twee van mekaar af om die volume van die voorwerp te kry. (✓) (3)


4.3 Digtheid is die massa(✓) per volume. (✓) (2)



VASTESTOF(✓)



VLOEISTOF(✓)



GAS(✓)

4.4. g/dm^3 (of $g.cm^{-3}$) (✓) (1)

[11]

VRAAG 5:

5.1 Room dryf bo-op melk. Daarom kan dit maklik van die melk geskei word. (✓) (1)

5.2 Deeltjies in 'n vaste stof vibreer op een vaste plek. (✓) (1)

5.3 Die deeltjies begin al vinniger vibreer. (✓)As die vaste stof genoeg verhit word sal die deeltjie loskom uit die kristal en in beweeg vrylik rond in 'n vloeistof. (✓) (2)

5.4 Die kragte tussen die vloeistof deeltjies is redelik sterk. (✓) Die molekules sal oor mekaar gly. In 'n gas beweeg die deeltjies vrylik rond want die kragte tussen die gasdeeltjies is baie swak.(✓) (2)

5.5 As 'n vaste stof warm is sal die deeltjies baie erg vibreer. (✓)Soos die vaste stof afkoel verminder die kinetiese energie en die vibrasie neem af. (✓) (2)

5.6 Treinspore is direk aan die son blootgestel. In die somer sit die treinspore uit en in die winter krimp hulle in. (✓) As die treinspore gelê word, moet daar dus spasies tussen die treinspore gelaat word vir uitsetting. (✓) (2)

[10]

VRAAG 6:

6.1 Druk is die hoeveelheid botsings van deeltjies, (✓)asook die spoed van die botsings, teenmekaar en teen die wand van die houer. (✓) (2)

6.2 Die druk word op die houer uitgeoefen deur die botsings van die deeltjies teen die wand van die houer. (✓) Die spoed waarmee die botsings teen die wand uitgeoefen word, speel ook 'n rol in die druk op die wand van die houer. (✓) (2)

6.3 Verhoog temperatuur (✓)en vermeerder die deeltjies in die houer. (✓) (2)

6.4.1 As daar sterk kragte tussen die deeltjies is, sal die deeltjies in 'n vaste vorm wees en die stof sal sy eie vorm aanneem. (✓) Die deeltjies sal op een plek vibreer. (✓) (2)

6.4.2 As daar swak kragte tussen die deeltjies is (✓)sal die deeltjies in gasvorm vrylik in 'n houer rond beweeg. (✓) (2)

[10]